

21 April

Josua 1:1-9

Hoe sal ek kan voldoen aan wat van my verwag word?

Ons tyd stel baie hoë eise aan ons. Nie alleen in ons werk nie, maar feitlik op elke terrein waarop ons beweeg en moet optree. Hoe kan ek aan die eise voldoen? Sal ek slaag?

Josua se geskiedenis verskaf lig. Hy staan voor sy bewindsaanvaarding om leier van die volk te word en die volk die beloofde land in te lei. 'n Geweldige opdrag.

Dan praat die Here met hom en watter bemoediging ontvang hy nie: Dit is die Verbondsgod wat met hom is. Hy is trou aan sy verbond en daarom sal hy die land aan die volk skenk. God beloof Josua ook sy nabyheid: Ek is met jou. Daarom Josua, wees sterk en vol moed. Glo wat die Here beloof en steun daarop.

Die Here kom ook met sy eis tot Josua. Hy moet vashou aan die wet van die Here om nougeset sy lewe daarvolgens te rig. Daarin lê sy krag - daaruit kan hy moed skep en sterk wees. Hieruit vloei die Here se ryke belofte voort: jy sal slaag en jy sal voorspoedig wees. Ons staan voor veeleisende verantwoordelikhede. Pak dit gelowig aan volgens hierdie patroon: Ons Here is die troue Verbondsgod. Hy stry ook vir jou. Hy gee jou die versekering van sy nabyheid. In Jesus Christus het dit vir ons werklikheid geword. Hy bind jou aan sy Woord. Wees daarmee besig - tydig en ontydig en leef elke dag daarvolgens. Wees bly in sy belofte: Jy sal slaag in wat jy moet doen. Jy sal voorspoedig wees.

Op dié wyse is ons moedige gelowiges wat in ons leefwêreld met krag en moed ons roeping vervul.

Ds. P.J.L. du Plessis (Elandspoort)